



## JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016 OPLEIDING & KURSUSSE

AJ Burger

Dit was vir my 'n voorreg om hierdie jaar op die Raad te dien en die belang van die lede en die Genootskap op die hart te dra.

Dit was 'n moeilike jaar in die boerdery en ons boere moes maar reënwater in die bakhand dra en elke dag die Vader se Wil in ons lewe vra.

Die Raad het 'n Beoordelaars kursus aangebied van 4 – 6 Oktober 2015 in die Afridome, Parys. Twee en twintig studente het ingeskryf vir die kursus. Die aanbieders was baie entoesiasties, goed voorberei en elkeen het sy vakgebied meesterlik oorgedra. Die studente wat ingeskryf het, het goeie spektum van ervaring en nuwe geesdrif bevat. Ek het ervaar dat die mense lus was om te leer. Tien van die kandidate het die eksamen suksesvol afgelê. My dank aan die aanbieders mnre. J. Langehoven, D. Odendaal en me. S. Bosman asook mnre. F. Combrink en P. Grové vir die gebruik van hulle perde. Riana Pretorius en Lukas het die perde gery en my dank ook aan hulle. Deurentyd was daar 'n aangename atmosfeer en 'n bietjie humor wat die oordra van inligting maklik gemaak het.

Gedurende Julie 2016, in samewerking met die Ryperd Beoordelaars Vereniging (interras organisasie), het ons ook 'n Boerperd beoordelaars kursus aangebied. My dank aan Sias Horn en Jaco Jonker wat gewillig was om as aanbieders op te tree. Sestien kandidate het die eksamen geslaag waarvan vier senior beoordelaars is. Die SA Boerperd Telersgenootskap het komplimente ontvang vir die goed saamgestelde kursus materiaal.

Van die klubs het gedurende die jaar geslaagde inligtingsdae aangebied (Sien Klub-verslae).

Erkenning en dank aan die beoordelaars wat vanjaar ons bedryf gedien het en sodoende ons standaard voortdurend help verbeter het.

My dank aan die President wat dit moontlik gemaak het om in 'n hartlike atmosfeer te kon saamwerk.

Baie dankie ook aan die sekretaresse vir haar puik werk en dank ook aan alle ander Raadslede.

My bede is dat ons Hemese Vader en Voorsiener van alle goeie gawes, aan ons milde reën sal gee.

Ek sluit af met die volgende aanhaling:

*Ride with the hands of a lady*

*The posture of a King*

*And manners of a gentleman*

**AJ Burger**

RAADSLID: Opleiding & Kursusse